

Sing vooraf staande: Psalm 38:1, 2 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 2 In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte / wat my hart deurboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het / in my lyf, het / self ook op my neergedaal.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 25:2 (p. 115)

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Psalm 46:6 (p. 237)

- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Skriflesing: Johannes 7:30-52

Teks: Johannes 7:38, 39

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. (Johannes 7:38, 39 AFR53)

Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot die geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.
(Johannes 7:38, 39 AFR83)

Die Heilige Gees se vernuwende werk is soos 'n stroom water. Die Joodse leiers bly in hulle ongelooft dars eenkant staan.

Ons kyk in die preek na die volgende aspekte:

1. Die haat van die owerheid
2. Die verdeeldheid onder die kerkvolk

1. Die haat van die owerheid

Prediking wat die waarheid omtrent die Here openbaar, het van die skepping af nog altyd beroering en verdeeldheid onder mense veroorsaak. Met die Here Jesus se prediking was dit ook so:

- Dit het beroering en verdeeldheid onder die mense in Jerusalem veroorsaak.
- Die gevolg daarvan was dat die Jode tevergeefs probeer het om die Here Jesus te vang.

Johannes beskryf hier nie net die geskiedenisfeit dat die Sanhedrin Jesus wou vang nie. Hy beskryf veral ook die verskillende geloofshoudings wat onder die verskillende groepe uit die samelewing van sy tyd teenoor Jesus voorgekom het.

- Die eerste mening waarmee ons te doen kry, is die Sanhedrin wat 'n plan probeer uitvoer om Jesus gevange te neem (vergelyk Johannes 5:16).
- Johannes beskryf dan hoe hierdie plan net nie tot uitvoer gebring kan word nie.
- Hy beskryf ook presies waar die belemmering vandaan kom: Dit is nie as gevolg van menslike faktore nie.

Dit is as gevolg van God se raadsplan waarvolgens alle gebeure en alle tye bepaal word (vergelyk hierby Handeling 2:23).

Kyk na die teenstrydigheid wat daar in die gebeure lê: die wagte gaan om Jesus gevange te neem, maar niemand steek eers 'n hand uit nie, want die raad van die Here het hulle nie toegelaat nie:

Toe probeer hulle om Hom gevange te neem; en niemand het die hand aan Hom geslaan nie, omdat sy uur nog nie gekom het nie (Joh. 7:30 AFR 53).

Vers 31 laat ons kennis maak met 'n tweede opinie oor die Here Jesus.

- 'n Groot deel van die skare het gedink dat Jesus moontlik die Messias kon wees.
- Hulle het almal geweet van die wondertekens wat Jesus gedoen het.

Dit staan in Johannes 2:23 geskryf. Johannes skryf nie dat hulle geglo het dat Jesus self die Messias is nie. Hulle het wel geglo dat daar inderdaad 'n Messias gaan kom, en hulle het gewonder of dit nie dalk Jesus kon wees nie:

Maar baie van die skare het in Hom geglo en gesê: Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het? (Joh. 7:31 AFR53)

Die rede waarom Johannes hierdie dinge skryf, is om dit duidelik te stel dat daar by die owerhede antipatie teen Jesus was, terwyl die volksmassa grootliks simpatiek teenoor Hom was – al was al die volksmassa se simpatie nie alles op ware geloof gegrond nie.

Jesus se populariteit het intussen die ore van die Sanhedrin bereik.

- Die Sanhedrin was die hoogste aristokrasie in Jerusalem.
 - Dit was 'n vergadering wat saamgestel was uit die hoëpriester wat die pos beklee het, tesame met alle hoëpriesters wat vantevore die pos beklee het asook alle lede van die hoëpriesterlike families.
 - Op grond daarvan stuur hulle die soldate van die tempelwag om Jesus gevange te neem.

Toe die wagte by Jesus kom, het Hy gesê: **Nog 'n klein tydjie is Ek by julle.**

- Daarmee het Jesus die einde van sy lewe aangekondig, wat baie binnekort sou wees.

- Sy dood sou egter baie anders wees as wat dit is wanneer mense doodgaan. Sy dood sou 'n triomf oor die Jode wees.

Die tempelwagte wat deur die Sanhedrin gestuur is om sy werk lam te lê en Hom gevange te neem, sal wanneer Hy sterf, dit nie meer kan doen nie:

- Dan word hierdie beperking wat die Jode op Hom probeer lê, heeltemal uit die weg geruim.
- Dan is sy opdrag terselfdertyd voltooi, en gaan Hy terug na sy Sender toe.
- Dit beteken ook dat Hy dan buite bereik is van die mense wat altyd op sy spoor gestuur word om sy werk lam te lê, of wat probeer om Hom gevange te neem en om Hom dood te maak.

Die Here openbaar dat Hy nog 'n klein rukkie hier op die aarde sal wees, en dan sal Hy êrens anders wees.

- Hier mag selfs 'n sinspeling wees op die leë graf wat die mense gekry het na sy opstanding.
- Moontlik kan daar ook 'n toespeling wees op die hemelvaart en dat hierdie mense in hulle ongeloof nie kan kom waar die Here Jesus dan is nie, naamlik in die hemel (die koninkryk van God die Vader).
- Die verdere bedoeling is dat die Here Jesus in die plek waar Hy dan sal wees, nie bereik kan word met enige vyandigheid nie – soos wat die Sanhedrin op die aarde gewoon is om te doen nie.
 - Die dreiging dreun in die agtergrond dat hierdie mense almal hel toe gaan.

Die Jode na wie hier verwys word, was die verteenwoordigers van die Sanhedrin.

- Hulle was geestelik te doof om te weet waarvan Jesus gepraat het. Hulle het so min verstaan van wat die Here Jesus gesê het dat hulle gedink het Hy bedoel dat Hy fisies uit hulle gebied uit gaan weggaan uit vrees vir hulle dreigemente.
- Daar lê enersyds 'n baie diep veragting vir die Here Jesus en andersyds ook nog 'n hoogmoedige versekerdheid in hulle woorde. Al die Here Jesus se pogings om te probeer ontvlug sal Hom niks help nie.

2. Die verdeeldheid onder die kerkvolk

Nadat Johannes vertel het van die haat en vyandigheid van die Sanhedrin begin hy nou vertel van Jesus se optrede onder die skare en hoe hulle daarop gereageer het.

- Op die laaste dag van die fees (dit is die sewende dag) het die verdeeldheid onder die volk baie skerp na vore gekom.

Tydens hierdie fees het die prosesie van priesters die vorige ses dae elke dag een keer met wilgertakke in hulle hande om die brandofferaltaar geloop.

- Op elkeen van die sewe dae het 'n priester in 'n goue kruik water uit die fontein van Siloam gaan haal.
- Hy het dan hierdie water in twee groot silwerhouers gegooi wat aan die westekant van die altaar gestaan het. Die volk het dan elke keer die volgende woorde van Jesaja 12:3 opgesê:

En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.

Op die sewende dag het die volk en die priesters Psalm 100 as 'n beurtsang gesing totdat almal om die altaar gestaan het.

- Dan het die priesters met wilgertakke in hulle hande sewe keer om die altaar geloop.

- Wanneer hulle in sewe rye om die altaar gestaan het, het die priester met die goue waterkruik nadergekom en die water in die twee silwerbakke gegooi terwyl die volk weer sê:

En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.

Die rede waarom die Jode hierdie woorde opgesê het, was omdat hulle geglo het dat die Messias heil en verlossing aan hulle sal skenk soos wat Moses water uit die rots laat vloei het.

Op hierdie spesifieke oomblik het Jesus opgestaan en gesê:

As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

- Daarmee het die Here Jesus op daardie presiese tydstip Homself as Messias aangekondig.
- Die woorde **kom** en **drink** is bloot 'n oproep om ware geloof.

Johannes bring die uitspraak van die Here Jesus in verband met die Heilige Gees wat later oor die kerk uitgestort is.

- Na die uitstorting van die Heilige Gees is die Heilige Gees soos 'n fontein wat altyd opborrel omdat die Here in sy kerk woon.
- Omdat die Heilige Gees later eers uitgestort is, noem Johannes dat die Heilige Gees nog nie daar was nie – bedoelende dat Hy nog nie op die kerk uitgestort was nie.

Hoe reageer mense op die prediking van die Here Jesus Christus? Die volgende verse beskryf die verskillende reaksies van mense op die prediking.

NB: Let daarop dat die offerseremonie nie verder beskryf word nie maar wel die verdeeldheid en wanorde onder die skare: Groot verdeeldheid ontstaan.

- Sommiges dink dat Jesus moontlik 'n profeet kan wees.
- 'n Ander groepie het gedink dat Hy die Messias self is.

U sal oplet dat die Bybel sê dat die mense gedink het dat Hy die profeet is.

- Dit is omdat hulle geglo het dat daar 'n profeet sal wees wat die Messias sal voorafgaan.
- 'n Verwysing daarna het ons in Johannes 1:21. Hier het hulle Johannes die Doper ondervra:

**Toe vra hulle hom: Wat dan? Is u Elía? En hy sê: Ek is nie. Is u die profeet?
En hy antwoord: Nee. (Johannes 1:21 AFR53)**

Nog 'n ander groep het getwyfel.

- Hulle het gedink dat die tipe wonderwerke wat gedoen word, sal aanwys wie die Messias is.
 - Daarom het hulle probeer besin of die Messias meer wonderwerke kan doen as wat hierdie man doen.
- Nog 'n ander groep het glad nie met wonderwerke of met geloof gewerk nie.
 - Hulle vertrekpunt was dat die Here Jesus se herkoms nie reg is dat Hy die Messias kan wees nie.

Daar ontstaan toe so 'n hewige oproer onder die mense dat sommiges probeer om Hom gevange te neem.

- Dit beteken dat daar sommiges was wat baie beslis verstaan het dat Jesus bedoel het dat Hy die Messias is.
- Dit het hulle die reg gegee om Jesus gevange te neem omdat so 'n uitspraak strafbaar was.

Weereens vermeld die Bybel dat niemand hulle hand teen die Here Jesus opgetel het nie. Die beskikking van die Here het almal steeds in bedwang gehou sodat die Here Jesus geen kwaad oorgekom het nie.

Die verdeeldheid het nie net onder die skares voorgekom nie.

- Die konflik in die Sanhedrin se binnekring was selfs skerper as die verdeeldheid onder die volk.
- Die Bybel vertel dat die soldate intussen by die vergadering van die Sanhedrin teruggekom het – sonder Jesus.

Dadelik was die Sanhedrin kwaad en het die soldate tot verantwoording geroep.

- In plaas daarvan dat hulle Jesus gevange geneem het, het hulle gaan luister na sy prediking.
- Hulle het so onder die indruk van sy prediking geraak, dat hulle sonder Hom teruggegaan het.
- Die soldate is ook so eerlik dat hulle sê dat dit die rede is waarom hulle Jesus nie gevange geneem het nie:

Nooit het 'n mens gespreek soos hierdie mens nie.

Met hierdie getuienis van hulle het hulle moeilikheid gekry, want daarmee het hulle te kenne gegee dat hulle die Here Jesus se prediking ietwat hoër stel as dié van die amptelike predikers in Israel, naamlik die lede van die Sanhedrin!

Die Bybel maak dit baie duidelik dat die Fariseërs, as die self aangestelde wagters oor die geloofsluwe van Israel, se woede geen perke geken het nie.

- Hulle het vas geglo dat hulle eie ondergeskiktes ook mislei was om anders te glo as die heersers.
- Hulle skel toe hulle frustrasies op sowel die wagte as op die volk uit.
- Hulle eie swak menslike insigte word so allesoorheersend gestel dat die volk summier vervloek word omdat 'n deel van hulle die Here Jesus as die Messias beskou.

Die verdeeldheid gaan nog verder, want Nikodémus, wat een van die lede van die Sanhedrin is, wys hulle daarop dat hulle nou self besig is om een van die basiese regsreëls te oortree: Hulle veroordeel iemand sonder dat hulle enduit na Hom geluister het.

- Die res van die Sanhedrin het hom dadelik aangeval en skimpend gevra of hy ook dalk uit die veragtelike Galilea gekom het.
- Kyk net hoe kan mens foute maak wanneer jy uit haat en veragting opereer: Galilea is met diepe veragting beskou as die landstreek van die heidene.

Hulle ruk dan ook die feite uit verband uit as hulle vir Nikodémus sê dat hy mos weet dat daar geen profeet uit Galilea gekom het nie.

- Dit is natuurlik 'n leuen, want Jona en Nahum het al twee uit Galilea gekom.
- Nasaret het in die laer dele van Galilea gelê waar Jesus as seun opgegroeï het, maar Hy is nie daar gebore nie. Hy is in Betlehem gebore.

Die Skrifte het nie gesê waar die Here Jesus sou opgroeï nie, net waar Hy gebore sou word.

Die mense het dus die Bybel heeltemal verkeerd gaan verklaar net om hulle dwaalleer te pas.

Mens kan maklik by hierdie geskiedenis verbylees sonder dat dit indruk maak.

- Maar dit moenie met u gebeur nie.
- Kyk na die beginsels wat in hierdie stuk geskiedenis ontplooi is, en hoe dit u raak.

Voordat u oor die volgende dinge dink, moet u net eers weer beseef dat alles wat die dag gebeur het, en wat al die mense van wie hier gepraat word gedoen het, die kerk en kerkmense geraak het.

Hierdie dinge gaan nie oor heidene nie – dit gaan oor gelowiges. Kom ons stel nou onself in die plek van die mense van daardie dag:

- Aanvaar u die Here Jesus werklik as u Verlosser?

Dit is so dat daar baie mooi gelowige mense is wat die Here Jesus met hart en siel aanbid.

- Maar dit is ook so dat ons onder ons diegene het wat maak soos die grootste deel van die skare: Hulle wonder of Hy regtig die Messias is.
- Baie mense glo glad nie.
- Sommige ander mense dink Hy is iemand besonders, maar Hy is nie God nie.

Is dit nie dalk waarom sommiges se aanbidding ook nie altyd by die diepte uitkom wat dit moet hê nie?

Daarom het die erediens van daardie dag op 'n mislukking uitgeloop – almal het maar net omgedraai en huis toe gegaan.

- Sommige van ons sê ook soms dat die erediens hulle mis.
- Hulle gaan kerk toe en weer huis toe sonder dat iets met hulle gebeur het.

Kom ons toets die mense van daardie dag.

- Hulle het die *bedoeling van die dag en die God van die dag* gemis.
- Verstaan u nou waarom die Here Jesus vir die klomp kerkmense gesê het dat hulle Hom nie sal kry as Hy eers weggegaan het nie?
- Hulle gaan almal in die hel wees, terwyl Hy in die hemel is.

Almal se geloofsverdeeldeid daardie dag was omdat hulle met 'n hele aantal menslike vooroordele na die Bybel toe gegaan het.

- Elkeen van hulle het in die Bybel die dinge gaan soek waarvan hy as mens gehou het, in plaas daarvan dat hulle onvoorwaardelik gaan luister het wat die Bybel leer, en dan in volle aanvaarding daarvoor gaan buig het.
- Daarom het hulle in die leuenargument van, onder andere, die Here se afkoms verval en wou hulle Hom arresteer.

Met al die ontwikkeling wat daar deesdae in al die verskillende Gereformeerde kerke gebeur, moet ons onself dalk afvra hoe ver ons van die Sanhedrin verskil.

- Het ons nog die vermoë om 'n geloofstandpunt in te neem en/of te verdedig omdat dit die waarheid is,
- of stel ons ons eie saak (of ons eie tradisie of soms net sommer doodgewone dwarsgeit)?

Die Bybel leer hier dat die Here dorstigtes na die water van die lewe roep.

- Hy roep u.
- Hy roep almal wat onder die leiding van God die Heilige Gees staan.
- Toe die dinge die dag rondom die Here Jesus gebeur het, was die Heilige Gees nog nie uitgestort nie. Nou is Hy uitgestort in die kerk en oor alle gelowiges.
- Ons lewe almal in die bedeling van die Heilige Gees. Ken ons Hom en regeer Hy ons lewe?

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 71:1, 9 (p. 352)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 9 Ek voel my sterk, aan U verbonde; / my mond vind tot u lof / gedurig ruimer stof.
U redding meld ek elke stonde; / al kan ek dit nie skat nie, / besyfer of bevat nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 28 Oktober 2012